View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by AJOL - African Journals Online

# BOEKBESPREKING

S. P. ENGELBRECHT, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria* 1855—1955, Uitgegee deur en verkrygbaar by die Kerkraad, 146 bladsye, prys 12 /6.

Tydens die eeufeesviering van die Pretoriase Nederduitsch Hervormde gemeente het hierdie beskrywing van die geskiedenis van die gemeente van die hand van die bekende kerkhistorikus, Prof. Dr. S. P. Engelbrecht, verskyn. Hiermee het die skrywer die gemeente, waarvan hyself 'n lidmaat is, 'n groot diens bewys en terselfdertyd is dit 'n voortsetting van sy beskrywings van die geskiedenis van die oudste gemeentes van die Ned. Hervormde Kerk. Hierdie werk is dan ook die eweknie van dié wat reeds verskyn het met die eeufeesvierings van die Hervormde gemeentes van Potchefstroom, Rustenburg en Pietersburg. Ryk versier met fotos van historiese en welbekende ampsdraers en van gebeurtenisse uit die geskiedenis van die gemeente, is dit 'n werk wat die leeslus van elkeen wat in geskiedenis belangstel, prikkel.

In die styl wat aan die skrywer eie is, word die geskiedenis van die gemeente van die vroegste jare af, behandel. Hoewel die rol wat die gemeente en sy ampsdraers gespeel het in die kerkgeskiedenis ook beskrywe is in Prof. Engelbrecht se groot werk „*Die Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*", word hier tog allerlei besonderhede na vore gehaal en beskrywe wat vir die regte verstaan van die geskiedenis van soveel waarde kan wees. Prof. Engelbrecht se historiese noukeurigheid spreek vir die kenner op elke bladsy, maar aangesien die werk vir die groter publiek geskrywe is, is voetnote en verwysings oor die algemeen agterweë gelaat.

Interessant is dit veral om op twee feite te let wat in hierdie werk na vore kom nl. die noue verbondenheid wat in die Z.A. Republiek en dan veral in die vroeër jare, tussen die Kerk en Staat was. Dat die Kerk tydens die Republikeinse tyd nie versuim het om op sy tyd 'n pastorale woord tot die leidinggewende figure op die politieke gebied te spreek nie, blyk duidelik uit die skrywe wat in 1857 aan President M. W. Pretorius en die komdt-generaals Steph. Schoeman en W. F. Joubert gerig is (bls. 18). Terselfdertyd is dit vir die historikus van belang om hier ook kennis te neem van die verwysing wat die Algemene Kerkvergadering na „die eensgezindheid in onze geestelijke zaken" maak. In die tweede plek wys die skrywer op die kloof wat daar so dikwels in kultureel-politieke opsig was tussen die koloniale Afrikaner van die Suide met sy Engels-georiënteerde uitkyk en

die republikeinse Afrikaner van Transvaal wat kontinentaal-Europees en dan meer spesifiek Nederlands, georiënteer was. Uit hierdie verskil in kultureel-politieke opsig kan ook 'n groot gedeelte van die kerklike misverstande en botsings uit die Republikeinse tyd verklaar word. Die historikus en die in die geskiedenis geinteresseerde leser doen goed om wat dit betref die gegewens van Prof. Engelbrecht noukeurig te bestudeer want die verwaarlosing van hierdie gegewens beteken steeds 'n onvolkome verstaan van die verlede. Die tye het verander, maar in die Republikeinse tyd was daar in vele gevalle 'n onoorbrugbare kloof tussen die Transvaalse en die Kaapse Afrikaner. (vergelyk bls. 80-81 en 83-85).

Na die beskrywing van die stigting en eerste jare van die gemeente word die dienstyd van ds. A. J. Begemann, eerste predikant van die gemeente, die langdurige vakature van 1872-1876 en die dienstyd van ds. H. S. Bosman behandel. Steeds weer word mens getref deur die rykdom van materiaal wat die skrywer tot sy beskikking het en waarvan hy so oordeelkundig gebruik maak. Met die beskrywing van die dienstyd van ds. Bosman word mens juis getref deur die tweede punt wat in die vorige paragraaf genoem is en dit is soms moeilik om te verstaan hoedat ds. Bosman 'n kultureel-politieke weg kon gegaan het wat totaal verskillend was van dié van sy gemeentelede en ook van die hele volk van die Z.A. Republiek (bls. 48-51).

Die ontstaan van die Konsulentsgemeente van Pretoria onder die bediening van ds. G. W. Smits van Rustenburg en die groei daarvan word sorgvuldig behandel. Daarna volg die hoofstukke oor die Kerkvereniging en duidelik word aangetoon hoedat die Konsulentsgemeente van Pretoria vashoudend sy standpunt uiteensit en gevolglik die redding van die Hervormde Kerk word. Prof. Engelbrecht se uiteensetting van hierdie deel van die geskiedenis kan ook uit sy *Geskiedenis* geken word, maar hier publiseer die skrywer, veral met betrekking tot die Konsulentsgemeente, tog heelwat nuwe gegewens. Aan humor ontbreek dit ook nie as die skrywer daarop wys dat as die Kerkraad van Witfontein aan jhr. dr. Beelaerts van Blokland die beroepsbriewe stuur om 'n predikant vir hulle in Nederland te bekom, die eis ook gestel word dat die te beroepe predikant se uitspraak van Nederlands moet wees soos dié van die Staatssekretaris dr. Leyds „omrede de bevolking hier te lande hem zoo goed kan verstaan" (bls. 80)!

Oor die rol van die Prokurasie-Kommissie en die leidende aandeel wat die Pretoriase gemeentelid A. D. W. Wolmarans daarin gehad het, word ook gehandel. Die koms en verblyf van ds. C. Spoelstra en die gevolge daarvan, word ook beskrywe. Die tydperk na die Tweede Engelse Oorlog en die jongste geskiedenis word alleen in breë trekke behandel. Die werk word afgesluit deur 'n aantal redes wat met verskillende historiese geleenthede in die Pretoriase gemeente gehou is nl. die preek van Prof. dr. P. J. Muller met die inwyding van die kerkgebou in du Toitstraat

in 1905, die toespraak van ds. A. J. Begemann met dié geleentheid, die preek van ds. M. J. Goddefroy met die inwyding van die kerkgebou van Bronkhorstspruit in 1913 (in die Inhoudsopgawe kom Bronkhorst*fontein* foutiewelik voor), die feesrede van ds. S. Vermooten gehou in 1954 en tenslotte 'n herinnering opgeteken deur oud-ouderling L. L. Steen wat vanaf vroeg in 1896 in die gemeente woonagtig was.

Hierdie werk beklemtoon verder een van die skrywer se fundamentele stellings dat die kerkgeskiedenis en ook die algemene geskiedenis nie verstaan kan word as die familiegeskiedenis van die leidinggewende persone en hulle verband met mekaar, nie bekend is nie. Om dié rede het die skrywer ook vele belangrike biografiese gegewens van die verskillende vooraanstaande persone uit die gemeente se geskiedenis verwerk.

Enkele drukfoute kom hier en daar in die werkie nog voor sonder dat dit egter steurend is o.a. op bls. 12, 58 en 68. Verder kan ek die opvatting van die skrywer op bls. 58 dat die notule van die kommissies wat moes handel oor die Kerkvereniging in gedrukte vorm op die twee-en-twintigste Algemene Kerkvergadering, aanwesig was, nie deel nie. Waarskynliker ag ek dit dat die vergadering alleen kon beskik het oor die besluite van die kommissies en Van Warmelo se manuskrip van die notule. (Vergelyk hier die Notulen der Algemeene Kerkvergadering, 1882, bl . 7). Hierdie punt doen egter nog niks af eerder verswaar dit die skrywer se beskuldiging teen hierdie Algemene Kerkvergadering dat hulle met groot nalatigheid en oppervlakkigheid te werk gegaan het. Verder sou 'n beskrywing van die kerkregtelike posisie tydens die vereniging en daarna ook van belang gewees het maar in hierdie werk en vir die leserskring waarvoor dit geskrywe is, miskien nie so gepas nie.

Opsommend moet egter gesê word dat dit 'n goeie stuk werk is, maklik leesbaar en vlot geskrywe. 'n Werkie wat andermaal die historiese posisie en reg asook die groei beskrywe van die sentrale gemeente van die vroeëre Staatskerk van die Z.A. Republiek, die huidige Ned. Hervormde Kerk van Afrika.

A. D. Pont.